

# PLUIMVEE HANDLEIDING

Nasionale Landbou Jeugskou - 2024

# INHOUD


INLEIDING 1

REËLS 2

HANDLEIDING 4

1 Inleiding 4

2 Prakties 4

2.1 Voorbereiding en was 4

2.2 Skoumanskap 7

3 Teoreties Algemeen 10

3.1 Algemeen 10

3.2 Samestelling van 'n skouhoender 10

3.2.1 Eksterne anatomie van 'n skouhoender 10

3.2.2 Vlerk 11

3.2.3 Verskillende bene en tone 12

3.2.4 Verskillende tipe kamme 13

3.3 Klassifikasie van skouhoenders 14

3.4 Verskillende skouhoender rasse 14

3.5 Enkele algemene kleure wat by skouhoenders voorkom 16

3.6 Algemene diskwalifikasies 16

3.7 Klassifikasie vir skou-inskrywings 21

3.8 Hoender siektes 21

3.9 Algemene interessante inligting 24

4 Erkenning 24

5 Aanpassing van handleiding 24

# INLEIDING

Dit is 'n begeerte van die Nasionale Jeugskou Organisasie om die jeug van Suid-Afrika aan te moedig om 'n liefde vir en belangstelling in pluimvee skou te ontwikkel. Skoolleerlinge sal die geleentheid kry om hulle eie vaardighede te ontwikkel deur by verskillende plekke te skou en teen ander Provinsies deel te neem. Omdat hulle hul eie hoenders moet vertoon, sal hulle ook leer om hul eie hoenders te teel en groot te maak. Hopelik sal hul ons toekomstige telers en beoordelaars word. Om kinders aan te moedig, sal eksamens opgestel word en pryse sal toegeken word.





# REËLS

1 Ouderdom van vertoner soos op 1 Januarie

- 1.1 Junior-Junior - 6 - 10 jaar
- 1.2 Junior - 11 - 14 jaar
- 1.3 Senior - 15 - 18 jaar

2 Kleredrag, soos voorgeskryf by was en voorbereiding en by skoumanskap, moet gedra word.

3 Dit moet die kandidaat se eie skouhoender, wat nie jonger as 9 maande is nie, wees

4 'n Amptelike beoordelaar van die Suid-Afrikaanse Skoupluimvee Organisasie (SASPO) moet as beoordelaar optree. 'n Junior beoordelaar wat opgelei is in die beoordeling van pluimvee deur die jeug, mag die senior beoordelaar bystaan.

5 'n Teoretiese, praktiese en mondelingse eksamen sal afgelê word.

6 Teoretiese eksamen (20%)
Veelvuldige keuse vraestel oor afdeling 4, asook oor aspekte vervat in die handleiding in sy geheel.

Sien Handleiding, afdeling 3.

7 Praktiese was en voorbereiding (30%)
Voorbereiding en was van skouhoender (15)
Hantering van hoender tydens was en voorbereiding (15)

Sien Handleiding, afdeling 2.1

8 Skoumanskap (50%)

Beoordeel die skouhoender deur die hoender met die neergelegde Standaard van Perfeksie (Rasstandaarde) van die Suid-Afrikaanse Skoupluimvee Organisasie (SASPO) vir daardie spesifieke ras te vergelyk. Beskikbaar op www.saspo.org.za Die korrekte kleredrag moet in hierdie afdeling gedra word.

Sien Handleiding, afdeling 2.2

- 8.1 Korrekte hantering van skouhoender (15)
- 8.2 Kyk vir foute - diskwalifikasies (10)
- 8.3 Noem sterk en swak punte van die inskrywing (10)
- 8.4 Kandidaat se houding teenoor beoordelaars, netheid van kandidaat en houding teenoor Jeugskou (5)
- 8.5 Vrae oor eie inskrywing (10)

9 Algemeen

- 9.1 Elke deelnemer bring slegs een skouhoender
- 9.2 Die hoender moet in 'n netjiese en stewige krat vervoer word
- 9.3 Geen identifikasie van kandidaat se naam mag op krat of houers aangebring word nie
- 9.4 Hokkies mag nie versier word met Provinsie se kleure, naam van hoender of kandidaat, rosette of enige ander versierings nie
- 9.5 Deelnemer moet eie hoenderkos saambring.
- 9.6 Deelnemer moet sy/haar hoender self versorg voor, tydens en na die skou
- 9.7 Kandidaat moet eie skoonmaak-toerusting voorsien





# HANDLEIDING

## 1 Inleiding

Hierdie handleiding is opgestel vir deelnemers aan die Landbou Jeugskou. Dit dek 'n redelike wye spektrum rondom die voorbereiding van 'n skouhoender, die beoordeling van 'n skouhoender, versorging, algemene kennis en skou van pluimvee. Beskikbaar op www.saspo.org.za of www.nays.co.za.

## 2 Prakties

2.1 Was en voorbereiding van 'n skouhoender

Die voorbereiding en was van 'n skouhoender word beoordeel uit 'n totaal van 30 punte (30%). 15 Punte vir voorbereiding en was van die hoender en 15 punte vir die hantering van die hoender tydens was en voorbereiding word toegeken.

2.1.1 Voorbereiding vir 'n skou begin ten minste 2 maande voor die skou

2.1.2 Kies 'n skou hoender wat jy graag wil skou

2.1.3 Trek al die gebreekte vere uit. 'n Veer neem 8 weke om volledig uit te groei

2.1.4 Knip die snawel en toonnaels drie dae voor die skou mooi netjies

2.1.5 Maak die hoender mak deur dit gereeld uit die hokkie te haal en terug te plaas

2.1.6 Die hoender moet vry van sigbare siekte en luise wees en mak wees

2.1.7 Die hoender moet ten minste nege maande oud en die eiendom van die vertoner wees

2.1.8 Aangesien die voorbereiding deel van die skou uitmaak, moet hoender ongewas gebring word

2.1.9 Leer om die hoender uit die hok te haal

a Plaas een hand onder die maag en hou albei sy bene stewig met jou vingers vas (Figuur 2)

b Plaas jou ander hand op sy rug en tel hom op

c Haal die hoender versigtig uit die hok met die kop eerste

2.1.10 Wanneer hoender in die hok teruggesit word, gebruik albei hande en plaas hom, kop eerste terug in die hok.

2.1.11 Skoonmaak en was van hoenders

Benodigdhede: plastiese emmertjie
drie skottels
handdoek
naelborsel met sagte en harde kant
OMO seeppoeier
sjampoe
spons
haardroër
lappie
mengsel vir kam en pote
1 deel wit asyn
1 deel chirurgiese spirits
1 deel kamferolie

Slegs hierdie items moet uitgepak word tydens was.

a Gooi koue water in plastiese emmertjie en louwarm water in drie skottels. (Toets hitte van water met elmboog)

b Neem naelborsel met sagte kant en borsel slegs die hoender se kam, belle en lelle met skoon koue water in plastiese emmertjie.

c Gooi seeppoeier in die eerste skottel waar al die ander dele van die hoender gewas word.

d Plaas hoender versigtig in skottel en hou die hoender met een hand op jou handpalm en albei bene tussen jou vingers (sien figuur 2) anders spartel die hoender.

e Week die pote 'n rukkie in die water en skrop dit dan goed skoon met die harde kant van die naelborsel.

f Gebruik sjampoe slegs om die mis van die vere onder die kloaak te was. Kloaak moet gewas word.

g Nadat hoender se vere natgemaak is, gebruik spons en spons alle vere van hoender saam met die grein van die vere in dieselfde skottel waarin die seep-oplossing is (eerste skottel).

h Spoel die hoender hierna in die volgende twee skottels skoon water behoorlik af en maak seker dat alle seep en sjampoe uit die vere is.

i Druk die meeste water met die hand uit die vere en draai die nat hoender in die handdoek toe en druk weer oortollige water met die handdoek uit die vere.

j Blaas dan droog deur eerste onder die vlerke en stert te begin. Blaas saam met die grein van die veer droog terwyl die vere met die een hand opgelig word vir die deurblaas van lug. (sien Figuur 1)

k Wanneer die hoender droog is, smeer 'n klein bietjie van die mengsel aan die kam, belle, lelle en pote van kaalbeen hoenders met sagte spons/lappie.

l Moet asseblief nie olie aan die vere van die hoender smeer nie.

m ‘n Kandidaat moet vir voorbereiding die hemp deur nasionaal voorsien, ‘n blou denim en netjiese bruin skoene dra.



Figuur 1

2.1.12 Belangrik

a Moenie dat die hoender se kop onder die water kom nie

b Moenie dat die seep in sy oë kom nie

c Gebruik sjampoe slegs om die mis van die vere onder die kloaak te was.

d Moenie die haardroër te na aan die hoender hou nie. Gebruik jou hand deurgaans om die hitte van die haardroër te bepaal.



Figuur 2

2.2 Skoumanskap

Jou beoordeling van jou skouhoender tel 50 punte (50%)

2.2.1 Die punt van 50 word soos volg toegeken:

- a Hantering van hoender vanaf uithaal uit hok, tydens beoordeling en terugplaas in hok (15)
- b Ondersoek vir growwe foute en diskwalifikasies (10)
- c Noem sterk en swak punte van hoender (10)
- d Kandidaat se houding teenoor beoordelaar, netheid van kandidaat en gesindheid teenoor jeugskou (5)
- e Mondelingse vrae oor eie inskrywing (10)

2.2.2 Kleredrag (Nasionaal) en hulpmiddel vir beoordeling

- a Die hemp wat voorsien word deur Nasionaal, 'n blou denim en netjiese bruin skoene
- b Beoordelaars stokkie

2.2.3 Vashou van hoender

- a Haal hoender korrek uit hok deur een hand onder die maag te plaas en albei sy bene stewig met jou vingers vas te hou (sien figuur 2)
- b Plaas jou ander hand op sy rug en tel hom op
- c Haal die hoender versigtig uit met die kop eerste

2.2.4 Ondersoek vir growwe foute en diskwalifikasies

- a Vergelyk jou hoender met die neergelegde standaard vir jou ras soos vervat in die Standaard van Perfeksie van die Suid-Afrikaanse Skoupluimvee Organisasie (SASPO). Verkrygbaar op www.saspo.org.za

b Hou die hoender weg van jou lyf en begin by die kop en kyk na die vorm, oogkleur, kam, belle, lelle, en die bek.

c Ondersoek die borsbeen van die hoender.

d Ondersoek die tipe van die hoender deur alle samestellende dele met hand te voel, byvoorbeeld breedte van rug, lengte van borsbeen, ens.

e Ondersoek die vlerk deur vlerk oop te maak. Hou die hoender soos aangetoon in figuur 2. Die vlerk word met die ander hand om die basis van die vlerk gehou en gedruk om dit natuurlik oop te sprei (sien figuur 3).

f Ondersoek hoender se stert

g Die pote en bene moet dan behoorlik ondersoek word

h Vergelyk die totale veredos (bo- en onderkleur) met die neergelegde standaard.

i Plaas hoender terug in hok met sy kop eerste

j Gebruik beoordelaarsstokkie om hoender te laat pronk sodat die uiterlike tipe behoorlik beoordeel kan word



Figuur 3

2.2.5 Noem sterk en swak punte van hoender

Tydens beoordeling word dit van kandidaat verwag om sy/haar mening van die hoender mondelings aan die eksaminator te gee. Die kandidaat moet die proses soos beskryf in 2.2.4 hierbo volg en hom/haar uitspreek oor elke liggaamsdeel van die hoender wat hy/sy ondersoek. Alle sterk en swak punte moet uitgelig word.

2.2.6 Mondelingse vrae oor eie inskrywing (10%)

a Vrae sal tydens skoumanskap gevra word waarin die kandidaat mondelingse vrae oor die skouhoender, wat hy/sy ingeskryf het vir die Jeug Kampioenskappe voor beoordeling, moet beantwoord. Die vrae sal 10% tel.

b Dit sal van kandidate verwag word om die neergelegde Standaard van Perfeksie van die Suid-Afrikaanse Skoupluimvee Organisasie (SASPO) te ken insoverre dit op hulle eie inskrywing betrekking het. Beskikbaar op www.saspo.org.za.

c Kandidate behoort, onder andere, die volgende vrae oor hul eie inskrywing te kan beantwoord.

- Naam van ras
- Land van oorsprong van ras
- Klassifikasie van ras
- Eierkleur
- Voorgeskrewe massa van ras
- Algemene karaktertrekke van jou ras, met ander woorde die tipe van die ras wat alle samestellende dele insluit.
- Die kleur van jou ras wat die volgende insluit: kleur van totale veredos, oogkleur, kleur van bek, naels, bene en toonnaels, kleur van kam, belle en lelle
- Diskwalifikasies van jou ras
- Die punteskaal




# 3 Teoreties Algemeen

## 3.1 Algemeen

'n Geskrewe vraestel, wat 20 punte tel, word oor afdeling 3, asook oor die res van die handleiding, geskryf.

## 3.2 Samestelling van 'n skouhoender


### 3.2.1 Eksterne anatomie van 'n skouhoender




Figuur 4

1 Moffies
2 Gesig
3 Oorbel
4 Oor
5 Kuif
6 Oog
7 Kam
8 Bek
9 Lelle
10 Baard
11 Nek
12 Nekvere
13 Bors
14 Kiel
15 Boud
16 Hak
17 Skenkel
18 Spoor
19 Poot
20 Middel toon
21 Derde toon
22 Vierde toon
23 Vyfde toon
24 Pootvere
25 Aasvoëlhak
26 Pens
27 Primêre vlerkvere
28 Vlerkboog
29 Vlerkstreep
30 Dekvere
31 Skouer
32 Vlerkboog
33 Saal vere
34 Stert dekvere
35 Sy hangvere
36 Sekelvere
37 Hoof stertvere
38 Rug


### 3.2.2 Vlerk




Figuur 5

1 Skouerskyf of skouerblad
2 Vlerkboog dekvere
3 Laer vlerk dekvere
4 Sekondêre vlerkvere
5 Vlerkboog dekvere
6 As veer (afwesig in swemvoêls)
7 Vlerk dekvere
8 Primêre vlerk vere (10 in totaal)


### 3.2.3 Verskillende bene en tone




Figuur 6

1 Kaalbeen, plat kant
2 Kaalbeen, ronde skenkel
3 Swaar geveerd
4 Veerpoot, kaal middeltoon
5 Kort, ronde skenkel
6 Vyf toon
7 Gedeeltelik geveerde skenkel
8 Veerpoot en aasvoëlhak
9 Dun, ronde skenkel
10 Gespikkelde skenkel
11 Gespikkelde skenkel en vyf tone
12 Veerpoot en vyf tone

### 3.2.4 Verskillende tipe kamme




Figuur 7

1 Rooskam waar die leier die lyn van die nek volg
2 Ertjiekam
3 Rooskam met kort leier
4 Okkerneutkam
5 Kappiekam
6 Moerbeikam
7 Middelmatige enkelkam
8 Groot enkelkam
9 Koppie kam
10 Rooskam met lang leier
11 Blaarkam
12 Horingkam
13 Klein enkelkam
14 Gevoude enkelkam
15 Half-regop enkelkam

3.3 Klassifikasie van skouhoenders

Pluimvee word in verskillende kategorieë opgedeel

3.3.1 Sagtevere

a Groothoenders

Swaarrasse: Australorp, Plymouth Rock

Ligte rasse: Minorca, Hamburgh, Silkie

b Bantams

Alle groothoender ekwivalente: Orpington, Lakenvelder

c Egte Bantams

Rooskamme, Sebrights, Pekins, Hollandse Kriel

3.3.2 Hardevere

a Swaarrasse

Malay Game, Natal Game, Indian Game

b Ligte rasse

Old English Game, Sumatra Game, Yokohama Game

c Bantams

Ko-Shamo, Aseel Game, Modern Game

Die bogenoemde is slegs 'n paar rasse, daar word egter veel meer rasse geskou in die land.

3.4 Verskillende skouhoender rasse

| Naam | Klassifikasie |
|---|---|
| Aseel Game | Hardeveer: Groot + Bantam |
| Australorp | Sagteveer: Swaar + Bantam |
| Barbu d'Anvers | Egte Bantam |
| Barbu d'Uccle | Egte Bantam |
| Brahma | Sagteveer: Swaar + Bantam |
| Cochin | Sagteveer: Swaar |
| Cornish Game | Hardeveer: Groot + Bantam |
| Faverolle | Sagteveer: Swaar + Bantam |
| Friesian | Sagteveer: Ligte + Bantam |
| Frizzle | Sagteveer: Swaar + Bantam |
| Hamburgh | Sagteveer: Ligte + Bantam |
| Indian Game | Hardeveer: Swaar + Bantam |

| | |
|---|---|
| Japanese | Egte Bantam |
| Jersey Giant | Sagteveer: Swaar + Bantam |
| Leghorn | Sagteveer: Ligte + Bantam |
| Malay Game | Hardeveer: Swaar + Bantam |
| Minorca | Sagteveer: Ligte + Bantam |
| Modern Game | Hardeveer: Swaar + Bantam |
| Natal Game | Hardeveer: Swaar |
| New Hampshire | Sagteveer: Swaar + Bantam |
| Old English Game | Hardeveer: Swaar + Bantam |
| Orpington | Sagteveer: Swaar + Bantam |
| Pekin | Egte Bantam |
| Plymouth Rock | Sagteveer: Swaar + Bantam |
| Polish | Sagteveer: Ligte + Bantam |
| Potchefstroom Koekoek | Sagteveer: Ligte + Bantam |
| Rhode Island Red | Sagteveer: Swaar + Bantam |
| Rosecomb | Egte Bantam |
| Rumpless | Egte Bantam |
| Sebright | Egte Bantam |
| Silkie | Sagteveer: Ligte + Bantam |
| Sumatra Game | ardeveer: Swaar + Bantam |
| Sussex | Sagteveer: Swaar + Bantam |
| Transylvanian Naked Neck | Sagteveer: Swaar + Bantam |
| Venda | Sagteveer: Ligte + Bantam |
| Wyandotte | Sagteveer: Swaar + Bantam |

## 3.5 Enkele algemene kleure wat by skouhoenders voorkom

| | |
|---|---|
| Goud | Gestreep |
| Goud gesoom | Swart |
| Grys | Swartstert-geel |
| Pêrelgrys | Blou |
| Suurlemoen | Blou gespikkeld |
| Lig | Kwartelblou |
| Mahonie | Bruin |
| Patrys | Geel |
| Porselein | Columbian soos Pekin |
| Rooi | Chamois |
| Salm | Room |
| Silwer | Geel Koekoek |
| Silwer Grys | Koekoek |
| Silwer Patrys | Donker |
| Drie-kleur | Donker rooi |
| Wit | Vaal |
| Swart met wit kuif | Gemmer |

## 3.6 Algemene diskwalifikasies

Oorbelle

a Meer as 'n kwart wit in rooi lelle
b Meer as 'n kwart rooi in wit lelle

Oë

a Onpaar
b Kleur van iris vreemd aan standaard
c Blind in een of albei oë

Kam

Enkel

a Oorhang kam wat sig bederf
b Syspriet of spriete
c Gesplete punt (lem)

Rooskam

a Hang te ver vooroor, belemmer sig

b Te groot, genoeg om sig te belemmer


c Afwesigheid van punt (leier)

d Meer as een punt (leier)

e Punt (leier) ingeduik

Algemeen

a Kam pas nie by ras of variëteit





1 Ingroei leier
2 Sonder leier en ongelyke lelle
3 Rooskam wat oorhang en sig belemmer
4 Slegte leier en growwe Rooskam
5 Vleiskam en met deel van die lem wat te ver vorentoe lê
6 Sleg gedraaide kam aan einde met spriete wat oorval
7 Duimdrup en syspriet
8 Wegvlieg kam
9 Dubbel gevoude kam
10 Oorhangende kam wat sig bederf

Figuur 8

Snawel

Alle rasse

Misvorm



Figuur 9


1 Gekruisde snawel
2 Oop snawel
3 Hol oë

Vere

a Enige kleur van 'n veer of vere vreemd aan ras of variëteit wat op uiterlike veredos vertoon
b Erg gedraaide nek dekvere (met uitsondering van Frizzle)
c Hane met henvere behalwe Sebrights, Campines en Ou Engelse Veghoender Hennies
d Geknipte primêre vlerkvere of sekondêre vlerkvere of albei

Bene en pote

a Enige kleur vreemd aan ras
b Meer of minder as vier tone op enige voet by viertoonrasse
c Dieselfde geld vir vyftoonrasse
d Vere aan bene, op voete, tussen tone aan kaalbeenrasse
e Misvormde pote en litte
f Krom tone
g Af tone of toonnaels
h Eks hakskene
i Krom bene
j Gewebde pote by hoenders
k Eend voet by hoenders




1 X hakskene
2 Krom bene
3 Krom toon
4 Plat uitstaande tone
5 Eend voet

Figuur 10

Stert

a Afwesigheid van alle stertvere behalwe Rumpless
b Gedraaide stertvere
c Gedraaide sekelvere behalwe Frizzle
d Gesplete stert
e Eekhoringstert behalwe Japanese
f Skewe stert




1 Eekhoring stert
2 Gesplete stert
3 Skewe stert
4 Hang stert

Figuur 11

Rug

Krom, boggel of misvorm



Boggel rug

Figuur 12

Vlerke

a Gedraaide vere

b Gesplete vlerke

c Geknipte vlerk

Gesondheid

a Enige siek hoender

b Voetverswering

c Vergrote krop

d Vergrote en uitgesakte onderlyf

e Swak konstitusie

Nota

a Algemene diskwalifikasies (waarvan sommige hierbo aaangedui is), is van toepassing op elke ras, behalwe as die ras-spesifieke diskwalifikasies anders bepaal. Die ras-spesifieke diskwalifikasies word gespesifiseer by die beskrywing van elke ras in die Standaard van Perfeksie van die Suider-Afrikaanse Skoupluimvee Organisasie (SASPO), asook 'n volledige lys van algemene diskwalifikasies. Beskikbaar op www.saspo.org.za.

b Die illustrasies vervat in figure 7 tot 11 is nie noodwendig almal diskwalifikasies nie. Elke standaard maak voorsiening vir defekte wat by beoordeling gepenaliseer word en waarvoor punte afgetrek word.

## 3.7 Klassifikasie vir skou-inskrywings

| Kode | Geslag |
|---|---|
| 01 | Haan (12 maande en ouer) |
| 02 | Hen (12 maande en ouer) |
| 03 | Jonghaan (Onder 12 maande oud) |
| 04 | Jonghen (Onder 12 maande oud) |
| 05 | Broeitoom (1 Haan en 2 henne) |
| 06 | Viertal Jonghenne (Vier jong henne) |

## 3.8 Hoendersiektes

Voorkoming is beter as genesing. Goed versorgde pluimvee is gesonde pluimvee. Daar is egter altyd die gevaar van besmetting uit een of ander bron.

### Bakteriese siektes

| | |
|---|---|
| Wit Diarree | Kom by kuikens tot drie weke oud voor. Kuikens is swak, staan een kant met toe oë, vlerke hang, stert is vuil a.g.v. diarree, vere opgepof. Geen geneesmiddel. Hou hokke skoon en droog. Doen bloedtoetse op teelhoenders en skakel draers uit. |
| Aansteeklike Coryza | Gesig swel op, oë dra, neus loop, haal swaar asem, nies en vrek. Tas groot hoenders aan. Behandel met Tylan. Voorkoming: Spuit met haemofilus entstof. |
| Kroniese Lugweginfeksie | Hoender hoes, neus loop, oë is waterig en skud kop aanhoudend. Behandel met antibiotika. Fosbac Plus T, Baytril of Novabiotic. |

Virus infeksies

| | |
|---|---|
| Newcastle Siekte | Simptome moeilik sigbaar afhangende van tipe virus temperature, weerstand en ouderdom van die trop. Hoenders is aanvanklik dooierig en stil. Nekke word abnormaal gedraai en algemene swakheid kom voor. Die hele trop vrek uit. Voorkom deur inenting teen Newcastle siekte met La Sota of Hitchner Bl |
| Aansteeklike Brongitis | Hoenders gaap, hoes, haal raserig en swaar asem, oë traan en neus loop. Behandeling: goeie ventilasie en Tylan. Voorkom oorbevolking. Ent hoenders twee maal per jaar. |

Nota
Gebruik kombinasie entstof van Newcastle en Aansteeklike Brongitis.

| | |
|---|---|
| Gumboro | Kuikens twee tot ses weke word aangetas. Kuikens is lusteloos, eetlus ontbreek, onegalige gang, pik aan kloaak as gevolg van infeksie. Geen geneesmiddel. Immuniseer met Gumbovax. |
| Hoenderpokke | Waterblase verskyn aan kop en lelle. Geel aanpaksel in bek en keel. Sere ontstaan uit waterblase. Behandel sere met Jodium, Merkurokroom of antibiotiese salf. Voorkom siekte deur inenting teen hoenderpokke. Muskiete versprei pokke baie vinnig. |
| Marek se Siekte | Dit is kanker van die senuweestelsel. Die hoender raak lam. Bene lê een voorentoe, die ander een na agter. Hoender teer uit en raak totaal verlam. Geen effektiewe behandeling. Ent dagoud-kuikens teen die siekte. |

## Inwendige Parasiete

| | |
|---|---|
| Koksidiose | Is sluimerend in alle hoenders. Sodra kondisie afgaan soos met verkoue, neem koksidiose oor. Hoenders is lusteloos, geelkleurige uitskeiding wat later verander na bloederig. Daar is baie effektiewe middels soos Baycox, ESB3, ens. teen die siekte beskikbaar. Voorkom oorbevolking en hou hokke en kos skoon. |
| Wurms | Rondewurm en Lintwurm is die mees algemene. Hoenders se kondisie gaan af en hulle raak bloedarmoedig. Ontwurm hoenders ten minste eenmaal per jaar. Daar is baie effektiewe middels teen wurms beskikbaar. |

## Uitwendige Parasiete

| | |
|---|---|
| Luise | Hulle byt veroorsaak irritasie en rusteloosheid. Gebruik Dead Line twee keer per jaar. Drup een druppel onder elke vlerk, agter die kop en onder die stert. Karbadust is ook 'n goeie middel. |
| Vlooie | Behandel soos vir luise. |
| Myte | Rooimyt, hoendermyt en tampans op hoenders moet dadelik behandel word deur hokke sowel as hoenders te spuit en te poeier. |
| Skurwe bene/pote | Word veroorsaak deur myte. Skubbe kry aanpaksel wat sleg ruik. Dit kan veroorsaak dat toonnaels en litte afval. Behandel met Vaseline en blomswawel. |

| | |
|---|---|
| Voetverswering | Word veroorsaak deur besering van voetkussing as gevolg van te hoë slaapstokke. Maak verswering oop en verwyder etter. Sit salf in wond en hou dit vir 'n paar dae toe. Verwyder die oorsaak deur die slaapstokke laer te maak. |

3.9 Algemene inligting

a Dit neem 21 dae vir 'n eier om uit te broei.
b Die temperatuur in 'n broeimasjien is tussen 37.5 en 38.0 grade celsius.
c 'n Broeimasjien het hitte, vog en suurstof nodig om te funksioneer.
d Die kloaak se funksie by 'n hen is 'n voortplantingskanaal, eierkanaal en ontlastingskanaal.

# 4 Erkenning

Erkenning word met dank aan dr. J P H Wessels en mev. M J Venter, wat die oorspronklike handleiding in 2002 opgestel het, verleen.
Mnr B M F Hall en Mnr W J Hall, wat die handleiding sedert 2007 tot op 2022 hersien, opdateer en aangevul het, verdien ook erkenning vir hul aandeel in die bedryf as ook hierdie handleiding.
Die 2023 opdatering en her-ontwerp is gedoen deur Mnr B J van Wyk.

# 5 Aanpassing van handleiding

Enige hersiening, opdatering, aanvulling of wysiging van die handleiding, sal deur ‘n komitee onder Voorsitterskap van die SASPO Jeug Verteenwoordiger gedoen word. Die komitee sal uit twee lede bestaan en elke lid moet ‘n erkende beoordelaar van die Suider-Afrikaanse Skoupluimvee Organisasie (SASPO) wees.

## Was en Voorbereiding

| | | Kandidaat Nommer | | |
|---|---|---|---|---|
| **Toerusting** | **Punte** | _______ | _______ | _______ |
| Emmertjie | 1 | | | |
| 3 Plastiek skottels | 1 | | | |
| Handdoek | 1 | | | |
| Naelborsel (hard en sag) | 1 | | | |
| Omo seeppoeier | 1 | | | |
| Shampoo | 1 | | | |
| Spons vir was | 1 | | | |
| Haardroër | 1 | | | |
| Lappie vir die aansmeer van die mengsel | 1 | | | |
| Mengsel 1 x wit asyn, 1 x chirurgiese spirits, 1x kamferolie | 1 | | | |
| **Was** | | | | |
| Water temperatuur nagaan | 2 | | | |
| Begin met kam en lelle in emertjie met koue water | 1 | | | |
| Omo in eerste bak, was die hoender | 1 | | | |
| Was die voete met die harde naelborsel | 1 | | | |
| Was kloaak area met shampoo | 1 | | | |
| Gebruik spons om die hoender saam met die grein van die vere te was | 1 | | | |
| Spoel af in tweede bak | 1 | | | |
| Druk oortollige water uit | 1 | | | |
| Spoel af in derde bak | 1 | | | |
| Druk water uit | 1 | | | |
| Droog met handdoek | 1 | | | |
| Blaas met haardroër | 1 | | | |
| Nie teen grein | 2 | | | |
| Eerste onder vlerke | 2 | | | |
| Hand naby om temperatuur te check | 2 | | | |
| Smeer mengsel aan kam en belle, nie op vere | 1 | | | |
| **Totaal** | 30 | | | |

## Skoumanskap

| Beskrywing | Punte | Kandidaat Nommer ________ | ________ | ________ |
|---|---|---|---|---|
| Ras | 1 | | | |
| Kenmerke van die ras | 5 | | | |
| Kleur beskrywing | 1 | | | |
| Kop beskrywing, oogkleur, bek | 5 | | | |
| Pote beskrywing, kleur, aantal tone, voorbereiding voor die skou | 5 | | | |
| Vlerke oopmaak en vere beskrywing | 5 | | | |
| Hantering van die hoender | 5 | | | |
| Foute van die hoender | 3 | | | |
| Algemene diskwalifikasies, noem 3 | 3 | | | |
| Plasing in die hokkie | 2 | | | |
| Beoordelaars stokkie | 1 | | | |
| Vertoon van die hoender, | 5 | | | |
| Uithaal van die hoender uit die hokkie | 2 | | | |
| Vertoner se houding teenoor beoordelaar | 5 | | | |
| Netheid van vertoner | 2 | | | |
| **Totaal** | 50 | | | |